# HEY!PRAY!

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

Berge het nog altyd n  groot rol in my lewe gespeel. Ek het groot geword op n plaas op Gifberg (die vierde geslag).Ek is getroud met n van den berg en as dinge vir my te veel raak wil ek ook graag na die berge toe vlug!
Die vakansie het ek en my gesin my ma op die platteland besoek en ons het te doene gehad met n hand vol uitdagings. Uit die dorp kon ons duidelik die berge sien. Terwyl ek hulp vra by ons Vader kom al hierdie magdom 'berg versies ' by my op.
Die Israeliete wat by die berg aanbid het, Moses wat die tien gebooie op die berg ontvang het, die beloofde land van daar af gesien het. Waar Jesus verheerlik is op die berg, hoe geloof berge kan versit om net n paar te noem. Ook die pragtige Psalm 121 "Ek kyk op na die berge waarvandaan sal daar vir my hulp kom?"
Dis asof n berg iets van God se karakter by my wou tuisbring. Ek (God) is jou toevlug al vir soveel generasies, Ek is standvastig en ewig, onwrikbaar en altyd daar, rig net jou oë op My.



My gebed vir elkeen van julle en jul geliefdes is:

goeie gesondheid na liggaam, siel en gees

vir geloof wat berge gaan versit

genoeg tyd by die voete van ons Vader

oë gerig op die Vader in alle omstandighede!

Mag die Here jul elkeen ryklik seën, in Jesus Naam alleen. Amen

Groete Linda     082 372 8793